



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERING 2013

GRAAD 2

AFRIKAANS HUISTAAL

EKSEMPLAAR VRAESTELLE

Hierdie boekie bestaan uit 24 bladsye, die voorblad uitgesluit.

RIGLYNE BY DIE GEBRUIK VAN JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERINGSVOORBEELDE (ANA)

1. Hoe om die eksemplaar vraestelle te gebruik

Alhoewel die eksemplaar vraestelle vir die verskillende grade en vakke as 'n omvattende stel saamgestel is, hoef **die leerders nie op die hele stel in een sessie te reageer nie. Die onderwyser moet toepaslike voorbeeldvrae kies wat deel vorm van die beplande les.** Sorgvuldig geselekteerde individuele eksemplaar vraestelle of 'n hanteerbare groep vrae kan tydens die verskillende stadiums van die onderrig- en leerproses soos volg gebruik word:

- 1.1 Aan die begin van 'n les as 'n diagnostiese toets om leerders se sterk en swak punte vas testel. Die **diagnose** moet lei tot onmiddellike **terugvoer** aan leerders en **geskikte lesse** moet ontwikkel word om aandag te gee aan die geïdentifiseerde swak punte en om die sterk punte uit te bou. Die diagnostiese toets kan as tuiswerk gegee word om nie onderrigtyd in die klaskamer te verloor nie.
- 1.2 Gedurende die les as kort, informatiewe toetse om te assesser of leerders die veronderstelde kennis en vaardighede ontwikkel soos wat die les verloop en om seker te maak dat geen leerder agter raak nie.
- 1.3 By die voltooiing van 'n les of reeks lesse as 'n summatiewe toets om te assesser of die leerders voldoende begrip het en of hulle die kennis en vaardighede in die voltooide les(se) kan toepas. Spoedige terugvoer aan leerders is noodsaaklik, sodat die onderwyser kan vasstel of daar dele van die les(se) is wat weer behandel moet word om spesifieke kennis en vaardighede vas te lê.
- 1.4 Om by alle fases leerders aan verskillende tegnieke van assessering of vraagstelling bloot te stel, bv. hoe om meervoudigekeuse-vrae (MK), oop vrae of vryeresponsvrae, kortvrae, ens. te beantwoord.

Waar diagnostiese en formatiewe toetse korter in terme van die aantal vrae kan wees, sal die summatiewe toets heelwat meer vrae insluit, afhangend van die hoeveelheid werk wat reeds teen 'n sekere tyd behandel is. Dit is belangrik om seker te maak dat leerders uiteindelik genoeg oefening kry in die beantwoording van 'n volwaardige toets, soortgelyk aan dié van die Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoets.

2. Memorandums of nasienriglyne


'n Tipiese voorbeeld van die verwagte response (nasienriglyne) word by elke voorbeeldtoets en Jaarlikse Nasionale Assesseringsmodeltoets gegee. Onderwysers moet in gedagte hou dat die nasienriglyne geensins rigied is nie. Dit gee slegs breë riglyne ten opsigte van verwagte response en onderwysers moet aanvaarbare moontlikhede ondersoek en ander aanvaarbare response van die leerders aanvaar.

3. Kurrikulumdekking

Dit is van kardinale belang dat die kurrikulum in elke klas ten volle behandel moet word. Die eksemplaar vraestelle vir elke graad en vak verteenwoordig nie die kurrikulum in sy geheel nie. Dit is slegs 'n **voorbeeld** van belangrike kennis en vaardighede en dek die werk wat op die eerste drie kwartale van die skooljaar betrekking het.

1.1 Omkring die letter langs die regte antwoord.


Dit is 'n...



- A pop
- B bok
- C rok
- D mot

1.2 Maak 'n kruisie in die regte blokkie.

Dit is 'n ...




pop	
bok	
rok	
mot	

1.3 Kies die regte woord in die blokkie.

Skryf die woord op die lyn.

pop	bok	rok	mot
-----	-----	-----	-----

Dit is 'n ...



1.4 Maak 'n kruisie (x) in die regte blokkie.

Hy leun teen die...

mier	meur	muur	meir
------	------	------	------

1.5 Omkring die regte woord.

Hy leun teen die...

mier	meur	muur	meir
------	------	------	------

1.6 Kies die regte woord in die blokkie.

Skryf die woord op die lyn.

mier	meur	muur	meir
------	------	------	------

Hy bou 'n _____

1.7 Kies die regte woord in die blokkie.

Skryf die woord op die lyn.


druive	drywe	drink	drom
--------	-------	-------	------



.....

1.8 Maak 'n kruisie(x) in die regte blokkie.

Dit is 'n ...



trom	trap	trok	trek
------	------	------	------

1.9

Omkring die regte antwoord.



Dit is 'n (akker wakker wekker rakker).

Lees die storie en beantwoord vrae 2 - 8.

Anna is in Graad 2. Sy hou daarvan om vroeg skool toe te gaan, maar hou baie meer van naweke. Gedurende naweke beplan haar ma altyd iets opwindend om te doen.

Anna het verlede Saterdag haar bed opgemaak, haarself aangetrek en haar na die kombuis gehaas. Mamma was besig om ontbyt te maak. Sy het vir Anna gevra om die tafel te dek. Sy het haar ook gevra om die ketel aan te skakel en tee te maak.

Anna was geskok, want mamma het haar nog nooit toegelaat om tee te maak nie. Mamma het haar dop gehou, terwyl sy tee gemaak het. Anna was baie trots op haarself en het sommer groot gevoel.

Na ontbyt het mamma vir Anna gesê dat sy die volgende dag roereiers kan maak. Anna was baie opgewonde, want sy gaan Maandag interessante nuus hê om te vertel.

2.1 Maak 'n kruisie(x) in die blokkielangs die regte antwoord.

Die beste naam vir die storie is ...

Anna doen haar huiswerk.	
Anna bly by die huis.	
Anna gaan skool toe.	
Anna leer kook.	

2.2 Omkring die letter met die regte antwoord.

Wat is die beste naam vir die storie?

Anna leer hoe om te ...

A lees

B skryf

C kook

D sing

2.3 Omkring die regte antwoord.

Wat is 'n gepaste naam vir die storie?

Anna leer hoe om te (lees skryf kook sing)

3.1 Maak 'n kruisie (x) in die blokkie langs die regte antwoord.

Wie het vir Anna geleer kook?

Haarjuffrou	
Haar maatjie	
Haar suster	
Haar ma	

3.2 Omkring die letter met die regte antwoord.

..... leer haar om te kook.

A Anna se juffrou

B Anna se maat

C Anna se sussie

D Anna se ma

3.3 Omkring die regte antwoord.

Anna se (juffrou maat sussie ma) leer haar om te kook.

4.1 Voltooi die sin.

Skryfjou antwoord op die lyn.

Anna en haar ma was in die

4.2 Kies die regte woord in die blokkie.

Skryf die woord op die lyn.

slaapkamer	kombuis
------------	---------

Anna en haar ma was in die

4.3 Omkring die regte antwoord.

Anna en haar ma was in die(slaapkamer kombuis).

5.1 Plaas die gebeure van die storie in die regte volgorde.

Nommer die sinne van 1 - 4 in die blokkies om die regte volgorde aan te dui.

Sy het kombuis toe gegaan.	
Sy het tee gemaak.	
Sy het die tafel gedek.	
Anna trek haarselfaan.	

5.2 Maak 'n kruisie (x) in die blokkie met die regte antwoord.

Anna het kombuis toe gegaan, die tafel gedek en haarselfaangetrek.

ja	
nee	

5.3 Omkring die regte antwoord.

Anna het kombuis toe gegaan, die tafeldedek en tee (gemaak gedrink).

6.1 Maak 'n kruisie (x) in die blokkie langs die regte antwoord.

Anna was baie trots op haarself, want mamma het haar gevra om ...

brood te bak.	
haar kos te eet.	
tee te maak.	
eiers te bak.	

6.2 Kies die regte woord in die blokkie.

Skryf die woord op die lyn.

geskok	opgewonde	gelukkig	trots
--------	-----------	----------	-------

Anna het gevoel toe mamma haar vra om tee te maak.

6.3 Omkring die letter met die regte antwoord.

Anna het trots gevoel, want mamma het haar gevra om ...

- A brood te bak.
- B haar kos te eet.
- C tee te maak.
- D 'n eier te bak.

7.1 Maak 'n kruis (x) in die blokkie langs die regte antwoord.

Anna was bly omdat sy...

opwindende nuus gehad het.	
hou van haar skool.	
haarselfaangetrek het.	
tee gemaak het.	

7.2 Kies die regte woord in die blokkie.

Skryf die woord op die lyn.

geskok	opgewonde	gelukkig	trots
--------	-----------	----------	-------

Anna was, want sy het goeie nuus gehad.

7.3 Omkring die letter langs die regte antwoord.

Anna was opgewonde omdat sy ...

- A goeie nuus gehad het.
- B van haar skool gehou het.
- C haarself aangetrek het.
- D tee gemaak het.

8.1 Het j y van die storie gehou of nie? Gee een rede hoekomj y so sê.

.....
.....

8.2 Omkring die woorde wat sê ofj y van die storie hou of nie hou nie. Voltooi dan die sin.

Ek (hou van die storie / hou nie van die storie nie), want

.....
.....

8.3 Skryfeen sin om te verduidelik watj y van die storie dink.

.....
.....

Gee een rede hoekomj y so dink.

.....

9.1 Omkring die letter langs die regte antwoord.

Watter woord beteken dieselfde as "hartseer"?

- A gelukkig
- B verbaas
- C ongelukkig
- D kwaad

9.2 Kies die regte woord in die blokkie.

Skryf die woord op die lyn.

verbaas	ongelukkig	kwaad	gelukkig
---------	------------	-------	----------

Die woord beteken dieselfde as "hartseer".

9.3 Omkring die regte antwoord.

Die woord(verbaas ongelukkig kwaad) beteken dieselfde as "hartseer".

10. Skryf die regte woord op die lyn

1

Die teenoorgestelde van "liefde" is

10. Omkring die regte antwoord.

2

Die teenoorgestelde van "liefde" is (hou van haat).

10. Kies die regte woord in die blokkie.

3

Skryf die woord op die lyn.

helder	donker
--------	--------

Die teenoorgestelde van "lig" is

11.1 Omkring die letter langs die regte antwoord.

11.1.1 Anna bors ... haar tande.

A il

B ak

C el

D ul

11.1.2 Mamma sal vir Anna leer om roerei... te maak.

A rg

B rm

C lm

D ers

11.2 Maak 'n kruisie (x) in die blokkie langs die regte antwoord.

11.2.1 Anna bors... haar tande

il	
ak	
el	
ul	

11.2.2 Mamma sal vir Anna leer om roere... te maak.

rg	
rm	
lm	
ers	

11.3 Kies die regte woord in die blokkie.

Skryf die woord op die lyn.

il	ak	el	ul
----	----	----	----

11.3.1 Anna bors... haar tande.

rg	rm	lm	ers
----	----	----	-----

11.3.2 Mamma sal vir Anna leer om roerei... te maak.

Bestudeer die kalender en beantwoord die vrae.

Augustus						
So.	Ma.	Di.	Wo.	Do.	Vry.	Sat.
				1	2	3
4	5	6	7	8	9	10
11	12	13	14	15	16	17
18	19	20	21	22	23	24
25	26	27	28	29	30	31

12.1 Trek 'n lyn om by die begin van die sin te pas.

12.1.1	Nege dae na die 1 ^{ste} is	die 30 ^{ste}
12.1.2	Die datum voor die laaste dag in Augustus is	die 3 ^{de}
12.1.3	Die 1 ^{ste} Saterdag van die maand is	die 10 ^{de}

12.2 Kies die regte antwoord in die blokkie.

Skryf die woord op die lyn.

29ste	6de	14de
-------	-----	------

12.2.1 Sewe dae na die 7de is die

12.2.2 Die datum van die laaste Donderdag is die

12.2.3 Die 1^{ste} Dinsdag van die maand is die

12.3 Omkring die regte antwoord.

12.3.1 Daar is(drie vier vyf) Maandae in Augustus.

12.3.2 Augustus het(drie vier vyf) Donderdae.

12.3.3 Die 17de is die(tweede derde vierde) Saterdag van die maand.

13.1 Omkring die letter langs die regte antwoord

Mamma ... die borde gewas.

A sal

B wil

C het

D gaan

13.2 Omkring die regte antwoord.

Mamma(sal wil het gaan) die borde was.

13.3 Maak 'n kruisie (x) in die blokkie langs die regte antwoord.

Mamma en Anna ... besig om die borde te was.

wil	
is	
sal	
het	

14.1 Antwoord die vraag in die verlede tyd.

14.1.1 Skryf die onderstaande sin in die verlede tyd.

Mamma kook kos.

Gister.....

.....

14.1.2 Kies die regte woord in die blokkie.

Skryf die woord op die lyn.

Môre	Gister
------	--------

..... het mamma kos gekook.

14.1.3 Trek 'n lyn van die woord na die sin.

Gister het mamma kos gekook

sal mamma kos kook.

14.2 Antwoord die vraag in die toekomstige tyd.

14.2.1 Skryf die sin in die toekomstige tyd.

Anna het die eiergekook.

Môre.....

.....

14.2.2 Kies die regte woord in die blokkie.

Skryf die woord op die lyn.

Môre	Gister
------	--------

.....sal Anna die eier kook.

14.2.3 Trek 'n lyn van die woord na die regte sin.

Môre

het Anna 'n eier gekook.

sal Anna 'n eier kook.

15.1 Vul **twee** leestekens vir die onderstaande sin in.

15.1.1 Gister het anna kombuis toe geloop

.....

15.1.2 Het mamma eiers roosterbrood en wors gemaak

.....

15.2 Omkring die leestekens in elke sin.

15.2.1 Omkring die hoofletter en punt.

Gister het Anna kombuis toe geloop.

15.2.2 Omkring die komma en vraagteken.

Het mamma eiers, roosterbrood en worsgemaak?

15.3 Maak 'n kruisie (x) in die blokkie met die regte antwoord.

15.3.1

Gister het Anna kombuis toe geloop.	
Gister het anna kombuis toe geloop.	

15.3.2

Het mamma eiers roosterbrood en wors gemaak	
Het mamma eiers, roosterbrood en wors gemaak?	

16.1 Beantwoord die vrae oor voornaamwoorde.

16.1.1 'n Voornaamwoord is in die plek van 'n naamwoord.

Voltooi die sin en vul die voornaamwoord in.

Anna kan.....eie veters vas maak.

16.1.2 'n Voornaamwoord is in die plek van 'n naamwoord

Is die woord wat onderstreep is 'n voornaamwoord?

Maak 'n kruisie (x) in die blokkie met die regte antwoord.

Anna kan haar eie veters vas maak.


ja	<input type="checkbox"/>
nee	<input type="checkbox"/>

16.1.3 'n Voornaamwoord is in die plek van 'n naamwoord.

Omkring die voornaamwoord in die sin.

Johan hou daarvan om op sy fiets te ry.

17.1 Skryf 5 - 8 sinne oor die prent.




A large rectangular box containing ten horizontal dotted lines for writing.

17.2 Skryf 5 - 8 sinne oor die prent.



A large rectangular box containing ten horizontal dotted lines for writing.

17.3 Skryf5 - 8 sinne oor die prent



A large rectangular box containing ten horizontal dotted lines, intended for writing eight sentences based on the illustration above.